



Verwysing: 20200515-6184

Lêerno.: 12/17/11

Navrae: JC Barkhuizen

e-Leerminuut: DEL 0001/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunkhoofonderwyskundiges, VOO- en AOO-koördineerders, Vakadviseurs, Prinsipale en Onderwysers van alle gewone openbare en spesiale skole

ONDERWERP: BESKIKBAARSTELLING VAN TOEGANG TOT MICROSOFT 365 SE AANLYN REKENINGE VIR ONDERWYSERS (MS TEAMS INGESLOTE)

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se Direktoraat e-Leer wil graag alle onderwysers van gewone openbare skole en spesiale skole inlig dat toegang tot 'n provinsiale skool se e-posadres deur 'n Office 365 aanlyn rekening aan hulle verleen is. Dit is 'n webgebaseerde weergawe van Microsoft se Office Suite.
2. **Dit bied die volgende geleenthede:**
 - Die Office 365 aanlyn rekening gee onderwysers toegang tot die volledige reeks aanlyn Office 365-toepassings.
 - Hierdie toegang sluit Microsoft Teams in, 'n toepassing wat samewerking en spanwerk moontlik maak.
 - Personeel regoor die WKOD sal dus kan gesels deur middel van kitsboodskappe, video-oproepe, stemoproepe en lêerdeling, en betrokke wees by virtuele vergaderings en intydse samewerking.
3. **Hoe om toegang tot die dienste te verkry:**
 - Die inskakel (LOGIN) -besondere wat die eerste keer gebruik moet word, sal aan die skoolhoof op SOBIS beskikbaar gestel word om met die personeel van die skool te deel.
 - Onderwysers wie se besonderhede nie op SOBIS vasgelê is nie, sal nie toegang tot MS Teams of hulle nuwe e-posrekening hê voordat hulle besonderhede nie op SOBIS vasgelê en bygewerk is nie.

- Indien enige besonderhede van die onderwysers op SOBIS vasgelê is en geen inskakelgetuigskrif vertoon word nie, sal skole dit by die inligtingstechnologie (IT) -diens se hulplyn (021 834 4690) vir skole moet aanmeld.
4. Let asseblief daarop dat die gebruik van die diens en die provinsiale e-pos slegs vir professionele skool- of onderwysverwante verrigtinge bedoel is.
 5. Die volgende afdeling dui die tegniese ondersteuning en opleidingsgeleenthede aan.

5.1 Tegniese bystand:

- 5.1.1 'n Handleiding van hoe om u nuwe Office 365-rekening vir die eerste keer op te stel, kan afgelaai word via die skakel hieronder. Daar moet eers toegang tot die skakel verkry word.
<https://schoolsit.wcgschools.gov.za/index.php/knowledge-base/office-365/setup-your-new-office-365-account> **(Sien Bylae A)**
- 5.1.2 'n Handleiding vir toegang tot u Office 365 aanlyn rekening op u rekenaar, skootrekenaar en /of mobiele toestel kan ook verkry word. Dit is die tweede stap in die opstelproses. **(Sien Bylae B)**
- 5.1.3 Indien tegniese hulp benodig word, moet u dit per e-pos by schoolsit.servicedesk@westerncape.gov.za aanvra of via **WhatsApp** 021 900 7123. *Let wel: Die nuwe IT-diens se hulplyn nommer vir skole is (021 834 4690).*

5.2 Opleidingsgeleenthede:

Verskeie verwante opleidingsgeleenthede word deur die volgende eenhede beskikbaar gestel: die provinsiale Wes-Kaapse Regering se Inligtings- en Kommunikasietegnologie (IKT) -opleidingseenheid, Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut (KOLI), die Direktoraat e-Leer en die distrik se e-leeradviseerspanne.

A: Opleiding om met Microsoft Teams in die besonder vertrouwd te raak:

- 5.2.1 Die **IKT-opleidingseenheid** en die Sentrum vir e-Innovasie (SEI) in die Departement van die Premier, het 'n **aanlyn MS Teams-oriënteringsopleidingskursus** ontwikkel wat by <https://icttraining.westerncape.gov.za/moodle> beskikbaar is.
- 5.2.2 Onderwysers wat hierdie kursus teen hulle eie pas voltooi, sal die kundigheid ontwikkel om virtueel vanaf enige plek en op enige toestel ter enige tyd saam te werk en te kommunikeer (die kursus is nie plek- of tydgebonde nie). Skandeer die volgende VK-kode op u slimfoon in om toegang tot die "Hoe om aan die gang te kom"-gids te kry. **(Sien: Bylae C)**



B: Opleiding oor IKT-integrasie en aanlyn toepassings kan verkry word by:

5.2.3 **KOLI** bied aanlyn kursusse aan:

- Toegang tot kursusse kan verkry word by <https://wcedctli.co.za/>.
- Hierdie webwerf kan besoek word vir bywerkings aan die kieslys van aanlyn kursusse wat vir onderwysers beskikbaar sal wees.

5.2.4 Die Direkoraat e-Leer het 'n webwerf met 'n digitale leerinhoudpakket vir onderwysers en kantoorgebaseerde opvoeders geskep om te help met die versterking van afstandsonderrig en -leerpraktyke.

- Dit is daarop gemik om onderwysers se IKT-vaardighede te ontwikkel en nuwe instrumente vir onderwysers wat afstandsonderrig en -leer fasiliteer, te verken en te deel.
- Hierdie leerreis wat teen hulle eie pas gevolg word, word in vyf modules verdeel. Volg asseblief hierdie skakel: <https://wcedeteacher.wixsite.com/eteacher>.

6. Tree asseblief met u distrik se e-leeradviseurs in verbinding vir bykomende inligting oor opleidingsgeleenthede. **(Sien: Bylae D)**

7. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke individue en groepe te bring.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2020-05-26